| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BALDSYE** | 14 |
| **ADDENDUM** | |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A

## VRAAG 1: HOEKOM HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE USSR OM EUROPESE DOMINANSIE GEKOMPETEER NÁ 1945?

### BRON 1A

Die uittreksel is geneem uit *US History Pre-Colombia to the New Millennium, 52c Containment and the Marshall Plan* en beskryf waarom die Europese Herstelprogram ná 1945 in Europa geïmplementeer is.

In die nadraai (uitslag) van die Tweede Wêreldoorlog het Wes-Europa verwoes gelê. Die oorlog het saailande verwoes en infrastruktuur vernietig, wat die grootste deel van Europa in ernstige (desperate) nood gelaat het. Op 5 Junie 1947, het die Minister van Buitelandse Sake, George Marshall die Europese Herstelprogram aangekondig. Om te verhoed dat die Sowjetunie bedreig voel, het Marshall aangekondig dat die doel om hulp na Wes-Europa te stuur heeltemal om humanitêre redes was, en het selfs hulp aan die kommunistiese state in die ooste aangebied. Die Kongres het Truman se versoek van 17 miljard dollar oor 4 jaar goedgekeur om na Groot-Brittanje, Frankryk, Wes-Duitsland, Italië, Nederland en België gestuur te word.

Die Marshall-plan het ’n ekonomiese wonderwerk in Wes-Europa geskep. Teen die teikendatum van die program, vier jaar later, het Wes-Europese nywerhede twee keer soveel geproduseer as die jaar voor die oorlog uitgebreek het. Sommige Amerikaners het gemor (gekla) oor die koste, maar die nasie het gedurende die jare van die Marshall-plan meer aan drank spandeer as wat hulle oorsee na Europa gestuur het. Die hulp het ook rekordvlakke van handel met die Amerikaanse firmas opgelewer, wat ’n na-oorlogse ekonomiese oplewing in die Verenigde State aangevuur het.

Laastens, en tot Truman se vreugde, het nie een van hierdie nasies van Wes-Europa ’n ernstige bedreiging van kommunistiese oorname in die gesig gestaar vir die duur van die Koue Oorlog nie.

[Bron: http://www.ushistory.org/us/52c.asp. Verkry op 26 Desember 2023.]

**Bron 1B**

Hierdie is ’n uittreksel geneem uit ’n verslag, *Historical events in the European Integration Process (1945–2009).* Dit fokus op ekonomiese samewerking tussen België, Nederland en Luxemburg (Benelux) wat tydens die Tweede Wêreldoorlog onderhandel is en ná die bekendstelling van die Marshall-plan voortgesit is.

Van al die organisasies vir ekonomiese samewerking wat in die na-oorlogse tydperk geskep is, word Benelux as ’n voorloper en ’n proefneming beskou. Die oorgangs-Nederland-België-Luxemburg Doeanekonvensie is op 5 September 1944 deur die drie regerings in ballingskap in Londen onderteken. Dit het gevolg op die Benelux monetêre ooreenkoms van 21 Oktober 1943, wat wisselkoerse tussen die Belgies-Luxemburgse frank en die Nederlandse gulde vasgestel het.

Die Doeanekonvensie het ’n tariefgemeenskap tussen die drie lande ingestel en voorsiening gemaak vir die daaropvolgende skepping van ’n ekonomiese unie om skaalvoordele te bevorder.

Die Konvensie het ook ’n gemeenskaplike eksterne doeanetarief ingestel en doeaneregte op handel binne die Benelux afgeskaf, maar dit het ander proteksionistiese hindernisse, soos kwotas, heffings, ens. gehandhaaf.

Ekonomiese unie moes in drie opeenvolgende stadiums bereik word: die eenwording van doeaneregte; die eenwording van aksynsbelasting, oordragbelasting en doeanewetgewing; en, op langer termyn, 'n ekonomiese unie.

Die Benelux-konvensie het voorsiening gemaak vir die skepping van 'n Administratiewe Raad vir Doeane, ’n Raad vir Handelsooreenkomste en ’n Raad van die Ekonomiese Unie.

Deur hierdie ooreenkoms het die drie lande nie soseer probeer om volledige ekonomiese integrasie te bewerkstellig nie, maar om hul posisie as klein state wat bedreig word op die internasionale verhoog te versterk, veral in 'n tyd toe die multilaterale monetêre ooreenkomste by Bretton Woods onderhandel is.

Op 1 Januarie 1948 het die Benelux Doeane-unie in werking getree. In 'n baie moeilike na-oorlogse ekonomiese klimaat het die Benelux-konvensies hindernisvrye handel aan die drie ondertekenaars gebied. Maar die implementering van die konvensies was nie altyd maklik nie. Probleme het tussen die drie regerings ontstaan, veral as gevolg van hul teenstrydige menings oor Europese samewerking, hul houding teenoor Duitsland en die gebruik van hulp wat deur die Marshall-plan beskikbaar gestel is. Die delikate onderhandelinge tussen die drie vennote het die probleme beklemtoon wat betrokke is by die totstandkoming van 'n ekonomiese unie tussen state wat, in die nasleep van die oorlog, verskillende ekonomiese strukture en nasionale belange gehad het.

[Bron: https://www.cvce/en/education/unit-content/02bb76df-d066-4c08-a58ad4686ff. Verkry op 8 Junie 2024.]

**BRON 1C**

Hierdie uittreksel is geneem uit die artikel *Cold War – The 1945-1989*, deur E.G. Rayner, dit behels die konferensie van die COMINFORM wat in 1947 gehou is. Dit beklemtoon hoe die Sowjetunie oor die Marshall-plan gevoel het.

Die regerende kliek (Geallieerdes) van Amerikaanse imperialiste, het die pad gekies om die nuwe oorlogsplanne teen die Sowjetunie en die nuwe demokrasieë uit te brei ... Die duidelikste en mees spesifieke uitdrukking van die beleid word verskaf deur die Truman-Marshall-planne. [Met betrekking tot] lande soos Joego-Slawië en Pole, volg die Verenigde State en Groot-Brittanje 'n terreurbeleid … Die Hitleriete word nageboots, deur die nuwe aggressors, deur die gebruik van afpersing en bedrog.

Op 22 September 1947 het afgevaardigdes van die Kommunistiese Partye van die Sowjetunie naby Warskou bymekaargekom en die Cominform geskep, ’n inligtingsburo geleë naby Belgrado. Dit het vinnig die Kommunistiese Beweging se agent geword vir die verspreiding van sy ideologie deur sy koerant, *Vir ’n blywende vrede, vir ’n volksdemokrasie*. Aangebied as 'n herlewing van die Komintern, het die Cominform eintlik gedien as 'n instrument vir die USSR om noue beheer oor Westerse Kommunistiese Partye te behou. Die doel was om geledere rondom Moskou te sluit en om te verseker dat Europese Kommuniste in lyn is met die Sowjet-beleid. Tito se Joego-Slawië, wat van afwyking beskuldig word, sou binnekort van die Cominform uitgesluit word.

Toe in Januarie 1949, in reaksie op die Marshall-plan, het die USSR ’n program van ekonomiese samewerking met die Sowjetbloklande geskep, bekend as die Raad vir Onderlinge Ekonomiese Bystand (COMECON).

[Bron: http:www.evee,eu/obj/the-cold-war1945-1989-full-text-en-6dfeo6ed-47948a4-8968-855e90593185.htm. *Verkry op 15 Februarie 2024l]*

**BRON 1D**

Hierdie spotprent is gepubliseer in die *Krokodil*, 'n Sowjet-tydskrif, in 1948. Dit beeld die gevolge van die Marshall-plan uit.




[Bron: www.jhnclare.riet/cold-war8.htm. Verkry op 23 September 2013.]

**KUKRYNIKSY 1949**

**VIR DIE FRANSE**

**VIR ITALIË**

**MARSHALL-PLAN IN PRAKTYK**

**VIR DIE DUITSERS**

## VRAAG 2: HOE HET DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE DIE UITKOMS VAN DIE ANGOLA OORLOG TUSSEN 1987 EN 1988 BEÏNVLOED?

### BRON 2A

Die uittreksel hieronder beskryf die betrokkenheid van Angola, Kuba, Suid-Afrika en die Sowjet-unie in die Slag van Cuito Cuanavale wat gevoer is tussen 1987 en 1988. Die inligting is geneem uit *South Africa in the 20th Century* deur B.J. Liebenberg *et al*.

Die Slag van Cuito Cuanavale is met tussenposes tussen 14 Augustus 1987 en 23 Maart 1988, suid en oos van die dorp Cuito Cuanavale, Angola, geveg deur die People's Armed Forces for the Liberation of Angola (FAPLA) en raadgewers en soldate van Kuba, USSR, Viëtnam, ANC en SWAPO teen Suid-Afrika, en soldate van die Nasionale Unie vir die Totale Onafhanklikheid van Angola (UNITA) tydens die Angolese Burgeroorlog en Suid-Afrikaanse Grensoorlog. Die geveg was die grootste betrokkenheid in die Angolese konflik en die grootste konvensionele geveg op die Afrika-kontinent sedert die Tweede Wêreldoorlog. UNITA en sy Suid-Afrikaanse bondgenote het 'n groot FAPLA-offensief op pad na Mavinga verslaan, wat eersgenoemde se beheer oor suidelike Angola behou het. Hulle het voortgegaan om 'n mislukte teenoffensief te loods op FAPLA-verdedigingsposisies rondom die Tumpo-rivier oos van Cuito Cuanavale.

Suid-Afrika, wat 'n gemeenskaplike grens met Angola deur die betwiste gebied van Suidwes-Afrika (Namibië) gedeel het, was toe vasbeslote om FAPLA te verhoed om beheer oor Mavinga te verkry en insurgente van die People's Liberation Army of Namibia (PLAN) toe te laat in die streek. Aludando Octubre het die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) aangespoor om die verdediging van Mavinga te ondersteun en *Operasie Moduler* van stapel te stuur met die doel om FAPLA se opmars te stuit. Na weke van voorlopige skermutselings het die twee leërs op 6 September by die Lombarivier ontmoet. Dwarsdeur September en Oktober het die SAW verskeie FAPLA-pogings om die Lomba oor te steek afgeweer en die meeste van laasgenoemde se noodsaaklike oorbruggingstoerusting vernietig. Herhaalde teenaanvalle deur die SAW se 61 Gemeganiseerde Bataljongroep het gelei tot die vernietiging van FAPLA se 47 Brigade en die verlies van sy oorblywende brughoofde, wat die res van die FAPLA-eenhede teruggestuur het na Cuito Cuanavale.

[Bron: *South Africa in the 20th Century,* deur B.J. Liebenberg et.al.]

**SOURCE 2B**

Hierdie tabel hieronder is geneem uit *The SADF in the Border War* deur L. Scholtz. Dit wys die verliese van die SAW gedurende die Slag van Cuito Cuanvale. Hierdie was die amptelike syfers soos aangeteken deur die SAW en sluit nie UNITA se verliese in nie.

| MILITÊRE TOERUSTING VERNIETIG EN SOLDATE GEDOOD | KUBAANSE/ FAPLA VERLIESE (1987–1988) | SAW-VERLIESE |
|---|---|---|
| Tenks | 94 | 3 |
| Gepantserde voertuie | 100 | 11 |
| Vuurpyllanseerders | 34 | 0 |
| Logistieke voertuie | 389 | 0 |
| Helikopters | 9 | 0 |
| Sterftes van mans | 4 785 | 32 |

[Bron: The SADF in the Border War deur L. Scholtz. Verkry op 17 Julie 2024]

**BRON 2C**

Hierdie uittreksel hieronder omskryf Generaal Jannie Geldenhuys, Bevelvoerder van die SAW se vertelling van die Suid-Afrikaanse Weermag se deelname aan die Slag van Cuito Cuanavale. Dit is geneem uit *War for Africa, Twelve Months that Transformed the Continent* deur Fred Bridgland.

Generaal Geldenhuys het gesê dat die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) streng beperkte doelwitte gehad het toe sy magte in Julie 1987 wesenlik betrokke geraak het by UNITA in suidoostelike Angola. “Dit was nie ons bedoeling om ’n oorlog te begin wat in Luanda kan opeindig en vir ewig aanhou nie. Ons wou nie Angola ons Viëtnam maak nie. Ons doelwit nadat ons Angola betree het, was om sekere beperkte take uit te voer en dan uit te kom.”

Geldenhuys het ontken dat Cuito Cuanavale ooit ’n doelwit van strategiese belang vir die SAW was. “Cuito Cuanavale is deur die Kubane in die kollig geplaas. Ek het eintlik die hoof van die weermag [Kat Liebenberg] verbied om Cuito Cuanavale te neem. Ek het net een toegewing gemaak: As ons operasie so ontwikkel het dat Cuito Cuanavale in ons skoot geval het, en ons bekom dit, sonder om daarvoor te veg, dan kon ons troepe dit beset.”

Daarbenewens moet ons seker wees dat ons dit sal kan verdedig, want dit maak geen sin om ’n plek te verower as jy dit nie kan hou nie.

Geldenhuys het gesê daar is verskeie maniere waarop gestry kan word oor wie die oorlog vir Afrika gewen het. Die beste manier was om na die aanvanklike doelwit van elke kant te kyk. “Die Kubaanse FAPLA-doelwit was om Mavinga en Jamba te beset. Hulle het dit nie bereik nie. Ons doel was om te verhoed dat hulle Mavinga en Jamba neem. Ons het daarin geslaag.”

[Bron: War for Africa – Twelve Months that Transformed a Continent deur F. Bridgland]

**BRON 2D**

Hierdie uittreksel hieronder is geneem uit 'n artikel, *The significance of The Battle of Cuito Cuanavale: Long-term Foresight for the Current Strategic Landscape* deur Andreas Velthuizen. Dit fokus op die belangrikheid van die Slag van Cuito Cuanavale.

Vir analitiese doeleindes kan die verloop van die Slag om Cuito Cuanavale in drie fases verdeel word:

- Die Angolese offensief en Suid-Afrikaanse ingryping.
- Die eskalasie van die konflik deur Suid-Afrika en die daaropvolgende Kubaanse eskalasie; en
- Die strategiese dooiepunt ('n situasie waarin geen vordering moontlik is nie) wat die weg gebaan het vir vrede.

Op 1 Mei 1987, nadat die Angolese regeringsoffensief bevestig is, is daar deur die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag besluit om twee skakelspanne van die Suid-Afrikaanse Militêre Intelligensie-afdeling oos van Cuito Cuanavale te ontplooi om die situasie saam met UNITA te evalueer. Betrokkenheid deur die SAW was om klandestien (geheim) te bly met die hoofverantwoordelikheid om die offensief te stop wat steeds by UNITA gerus het. Die SAW het nietemin voorberei vir lug- en grondaanvalle op FAPLA terwyl laasgenoemde se opmars besig was. Op 22 Junie 1987 is die Suidwes-Afrikaanse Gebiedsmag (SWATF) beveel om UNITA te ondersteun om die offensief te stop. Operasie MODULER sou in eskalerende fases uitgevoer word. Teen middel-Augustus 1987 was dit duidelik dat die magvlakke onvoldoende was om die beplande doelwitte te bereik. Die FAPLA-offensief op die verskillende fronte het voortgegaan. Op 28 Augustus, by Mavinga, het die UNITA-leier, Jonas Savimbi, erken dat UNITA geen vooruitsig het om die offensief op sy eie te stop nie, en het hy Suid-Afrika versoek om meer hulp te verleen. Hy het ook ingestem dat UNITA die Stinger-lugafweermissiele wat van die VSA verkry is, sal ontplooi om die Suid-Afrikaanse artillerie te beskerm. Beperkings op lugsteun deur die SA Lugmag is ook opgehef en 61 Gemeganiseerde Bataljon van die SAW is op gereedheid geplaas by Oshivello in Namibië.

[Bron:The significance of The Battle of Cuito Cuanavale: Long-term Foresight, deur Andreas Velthuizen]

## VRAAG 3: HOE HET DIE KONSERWATIEWE WIT AMERIKANERS OP DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN LITTLE ROCK, ARKANSAS, IN 1957 GEREAGEER?

### BRON 3A

Hierdie bron bespreek die integrasie by Central High School, Little Rock, Arkansas. Dit beskryf hoe die Little Rock Nege van Arkansas as die eerste Afro-Amerikaanse studente gewerf is om skool in September 1957 by te woon. Hulle is voorberei en georiënteer vir die skoolintegrasie deur Daisy Bates, die President van die Nasionale Vereniging vir die Bevordering van Kleurlinge (NAACP).

Ten spyte van die teenkanting het nege studente geregistreer om die eerste Afro-Amerikaners te wees wat die Central High School bygewoon het. Minnijean Brown, Elizabeth Eckford, Ernest Green, Thelma Mothershed, Melba Patillo, Gloria Ray, Terrence Roberts, Jefferson Thomas en Carlotta Walls is gewerf deur Daisy Bates, president van die Arkansas NAACP en mede-uitgewer, saam met haar man, LC Bates, van die Arkansas State Press, ’n invloedryke Afro-Amerikaanse koerant.

Daisy Bates en die ander van die Arkansas NAACP het die groep studente noukeurig ondersoek (geëvalueer) en vasgestel of hulle almal die uithouvermoë en vasberadenheid besit om die weerstand wat hulle sou teëkom, die hoof te bied.

In die weke voor die begin van die nuwe skooljaar het die studente aan intensiewe beradingsessies deelgeneem, wat hulle gelei het oor wat om te verwag sodra klasse begin het, en hoe om te reageer op verwagte vyandige (onvriendelike) situasies. Die groep het bekend gestaan as die Little Rock Nege.

[Bron: http://www.history,com/topics/black-history/central-high-school-integration. Verkry op 11 Januarie 2024.]

**BRON 3B**

Hierdie is ’n uittreksel uit die toespraak wat die Goewerneur van Arkansas, Orval Faubus, op 2 September 1957 gelewer het. Hy het die mense van Arkansas vertel hoe hy voel oor die sluiting van openbare skole in Little Rock, Arkansas.

“Ons sit nou met ’n heel ander probleem, en dit is die gedwonge integrasie van die openbare skole van Little Rock teen die oorweldigende sentiment (gevoel) van die mense van die area. Hierdie probleem gee elke bewys en aanduiding dat die poging om met geweld te integreer wydverspreide wanorde en geweld teweeg sal bring.

Daar is nog ’n aspek wat ek moet erken, en dit is die feit dat hierdie spesifieke probleem en die oplossing daarvan nie net in elke staat is nie, maar landswyd. Dit is natuurlik baie jammer, maar is ’n situasie wat nie deur my gemaak is nie.”

Die plan van integrasie wat nou deur die federale howe op ons afgedwing word, is deur die Little Rock Skoolraad en sy superintendent (bestuurder) opgestel en deur ’n federale hof goedgekeur voor die uitsprake van die mense, wat sedert daardie tyd duidelik was. Hierdie uitdrukkings van die mense is duidelik aangedui deur die grootste, tyd deurstaande beginsels van demokrasie, deur die uitoefening van die stemreg by die stembus, en die uitdrukkings van die lede van die wetgewer wat verkies word deur, en verteenwoordigend is van, die mense.

[Bron: The Orval Eugene Faubus Papers, Special Collections, University of Arkansas.]

**BRON 3C**

Hierdie uittreksel is geneem uit *The Long Shadow* deur D. Bates wat fokus op ’n onderhoud wat Daisy Bates met Dr. Benjamin Fine, voormalige opvoedkundige redakteur van *The New York Times* gedoen het. Hy gee weer wat gebeur het op die eerste dag van integrasie by Central High School, 4 September 1957.

’n Paar dae nadat die (Arkansas) Nasionale Wag die neger* (Afro-Amerikaanse) kinders se ingang na die skool versper het, het Ben by my huis opgedaag.

“Daisy, hulle het in my gesig gespoeg. Ek is ’n gemerkte man vandat Elizabeth probeer het om Central binne te gaan. Ek het jou nooit vertel wat daardie dag gebeur het nie. Ek het probeer om nie daaraan te dink nie. Miskien was ek skaam om aan jou of aan myself te erken dat wit mans en vroue so wreed kan wees.”

Ek het daardie dag voor die skool gestaan. Skielik was daar ’n geskreeu: “Hulle is hier!”

“Die negers* kom!” Ek het ’n lieflike dogtertjie wat so vyftien gelyk het, alleen sien loop. Sy het verskeie kere probeer om deur die wagte te gaan. Die laaste keer toe sy probeer het, het hulle hul bajonette (skerp mes wat aan die loop van ’n geweer vasgemaak is) voor haar gehou. Die vroue het geskree: “Kry haar! Hang haar!” Die mans het geskree, “Gaan huis toe ...” Sy het uiteindelik by die bushalte gekom. Ek het langs haar gaan sit en gesê: “Ek is ’n verslaggewer van die *New York Times*, mag ek jou naam hê?” Sy het net daar gesit met haar kop na onder. Trane het onder haar sonbril oor haar wange gestroom. Daisy, ek weet nie wat my besiel het nie, maar ek het my arm om haar gesit en haar ken opgelig en gesê: “Moenie dat hulle jou sien huil nie.”

Daar moes teen hierdie tyd vyfhonderd rondom ons gewees het. Ek onthou vaagweg hoe iemand geskree het: “Kry 'n tou en sleep haar na die boom toe.”

“Die ironie van alles, Daisy, is dat die Nasionale Wagte gedurende al hierdie tyd geen poging aangewend het om Elizabeth te beskerm of my te help nie. In plaas daarvan het hulle gedreig om my te laat arresteer omdat ek die oproer aangehits het.”

“Elizabeth, wie se waardigheid en beheer in die aangesig van spottende gepeupel (skares) deur televisiekameras verfilm is en opgeneem is op foto’s wat na koerante wêreldwyd gestuur is, het oornag ’n nasionale heldin geword. Gedurende die volgende paar dae het koerantverslaggewers haar huis beleër (omsingel) om met haar te praat.”

[Bron: The Long Shadow of Little Rock, deur D. Bates.]

* `n Neerhalende (aanstootlike) term wat gebruik word om na Afro-Amerikaners te verwys.

**BRON 3D**

Die bron hieronder is ontwerp en versprei deur die Capital Citizens Council (CCC), 'n organisasie wat gestig is deur konserwatiewe wit Amerikaners wat in Little Rock, Arkansas, gewoon het. Hulle doel was om die integrasie van Central High School in 1957 teë te staan.




Broederskap met bajonet

[Bron: http://www.encyclopediaofarkansas.netencyclopediaentrydetail.aspentryD18#. Verkry op 11 Januarie 2024]

Nasionale wagte wat in 1957 deur president Eisenhower ontplooi is

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende verkry:

Bates, D., *The Long Shadow of Little Rock*, University of Arkansas Press. 1962

Bridgland, F., *The War for Africa – Twelve Months that Transformed a Continent 2017,* Ashanti,1990

Liebenberg, B.J. and Spies, S.B., *South Africa in the 20th Century*, JL van Schaik, Pretoria, 1993

Rayner, E.G., *The Cold War. Hodder and Stroughton*. 1992

Scholtz, L., *The SADF in the Border war 1966 – 1989.* Cape Town; Tafelberg, 2013

https://za.pinterest.com/pin/571816483912529670/

http:www.eu/obi/the-cold-war-1945-1989-full-text-en-6dfeobed-47948a4-8968-855e90593185html1.

https://wwwhistory.com/us/52c.asp.

https://www.com/topics/black- history/ central- high - school- integration.

https://wwwsoutherncolloqrhetoric.net/web/resources/Faubus570902.pdf/.

http://www.encyclopediaofarkansas.net/encyclopedia/entry.detailaspx?entryD18.